JERIGO MURE GEBEDSGIDS – FEBRUARIE 2009

Sondag 1 Februarie 2009

Memoriseer
Niks is vir God onmoontlik nie (**Luk.1:37**).

Verhef U Naam: Jahweh-Elohim, ons verhef U Naam oor die hele aarde as die Skeppergod (**Gen.2:4-25**). Mag alle mense U erken en aanbid as die een en enigste Skepper van die aarde en die hemel.
Openbaar Sy karakter: Wonderlike en goeie Here, laat die Kerk opstaan, lewe en verkondig dat die Here wonderlik goed is vir die mense wat op Hom wag en Hom soek, dat dit goed is om geduldig te wag op die hulp van die Here (**Klaagl.3:25-26**). Gee dat die Kerk sal weet en dit bekend sal maak dat ons God 'n God is wat red! Die oppermagtige Here red ons uit die dood (**Ps.68:21**).
Verkondig Sy werke: Ons verkondig aan die aarde en sy bewoners dat die Here regeer; laat die volke bewend Sy gesag erken. Hy woon by die gerubs; laat die aarde sidder! (**Ps.99:1**). Ons loof U, o God, ons loof U! U is by ons, U magtige dade moet bekend gemaak word (**Ps.75:2**).
Pleit vir genade: Jesus Christus, wees genadig, vergewe ons omdat ons U Naam minag en laster.

Gebedsfokus op berou: Aborsie in SA
Op 1 Februarie 1997 is aborsie op aanvraag in Suid-Afrika gewettig. 1 Februarie 2009 is die twaalfde herdenking van die wettiging van aborsie in Suid-Afrika. Die doel van hierdie dag van berou is om leraars in Suid-Afrika aan te moedig om te preek oor dit wat die Bybel oor aborsie leer. Daar word ook gehoop dat baie Christene 1 Februarie sal gedenk as 'n *Nasionale Dag van Berou* oor die sonde van aborsie. Wil jy dit nie oorweeg om jou gemeente te mobiliseer om hierdie Sondag oor hierdie saak te bid nie? (*Africa Christian Action*, Posbus 23632, Claremont, 7735. Tel.: 021 689 4481, faks: 021 685 5884. Webruimte: www.christianaction.org.za of e-pos: info@christianaction.org.za).

Maandag 2 Februarie 2009

Verhef U Naam: Jahweh-Eloheenu, ons verhef U Naam as die "Here ons God" oor die hele aarde (**Deut.6:4**). Mag alle volke U die "Here ons God" begin noem.
Openbaar Sy karakter: Heerlike Here, laat die Kerk opstaan, lewe en verkondig wie U is tot al die volke U goedheid leer ken het. Roep U Naam "die Here" oor hulle uit soos U dit destyds vir Moses gedoen het. Betoon genade en ontferming aan wie U dit wil betoon (**Eks.33:18-20**).
Verkondig Sy werke: Ons verkondig aan die aarde en sy bewoners dat daar vir ons 'n Kind gebore is, dat daar vir ons 'n Seun gegee is. Hy sal heers, en Hy sal genoem word: Wonderbare Raadsman, Magtige God, Ewige Vader, Vredevors. Sy heerskappy sal uitbrei, en Hy sal vir altyd vrede en voorspoed bring. Hy sal op die troon van Dawid sit en oor Sy koninkryk regeer. Hy sal dié koninkryk vestig en in stand hou deur reg en geregtigheid, van nou af en vir altyd. Daarvoor sal die onverdeelde trou van die Here die Almagtige sorg (**Jes.9:6-7**).
Pleit vir genade: Jesus Christus, wees genadig, vergewe ons omdat ons ons besig hou met toordery en meedoen aan die raadpleging en oproep van geeste. (**2 Kon.21:6**).

Gebedsfokus op redding: Onderwysers
Daar is tans 'n tekort aan onderwysers in ons skole. Sommige klasse is so groot dat dit feitlik onmoontlik is om bloot orde te handhaaf, laat staan nog om enige onderrig te gee. Dis vandag moeiliker as ooit om leerders te dissiplineer. Baie onderwysers is ook oorlaai met verpligtinge na skool. Bid vir die onderwysers, dat hulle geduld en baie genade sal ontvang, met die leerders en met hulleself. Bid dat Christen-onderwysers baie geleenthede sal kry om vir God te getuig. Vra dat ongelowige onderwysers 'n honger en dors na God sal kry en dat hulle lewens sal verander.

Dinsdag 3 Februarie 2009

Verhef U Naam: Jahweh-Elohaj, ons verhef U Naam as die "Here my God" oor die hele aarde (**Sag.14:5**). Mag al die volke begin om U die "Here my God" te noem.
Openbaar Sy karakter: Here, niks is vir U onmoontlik nie! Laat die Kerk opstaan, lewe en aan elke volk, taal en nasie op die aarde verkondig dat wat vir mense onmoontlik is, vir God moontlik is (**Mark.10:27**). Maak dit as hartskennis aan die Kerk bekend dat soos die hemel hoër is as die aarde, so is U gedagtes verhewe bo ons gedagtes en U weë bo ons weë (**Jes.55:8**).

Verkondig Sy werke: Ons verkondig aan die aarde en sy bewoners dat God die wêreld so liefgehad het dat Hy Sy eniggebore Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê (**Joh.3:16**).
Pleit vir genade: Jesus Christus, wees genadig, vergewe ons dat ons haat saai.

Woensdag 4 Februarie 2009

Verhef U Naam: Jahweh-Eloha, ons verhef U Naam as die "Here jou God" oor die hele aarde (**Luk.10:27**). Mag alle mense daartoe kom om U lief te hê met hulle hele hart, en met hulle hele siel en met al hulle krag en met hulle hele verstand.
Openbaar Sy karakter: Wyse en magtige God, laat die Kerk opstaan, lewe en verkondig dat ware wysheid en krag by U te vind is; by U is raad en insig (**Job 12:13**). Laat die Kerk verstaan en verkondig dat wysheid begin met die dien van die Here, en mag sy die kennis omtrent die Heilige verkry wat tot ware insig lei (**Spr.9:10**).
Verkondig Sy werke: Ons verkondig aan die aarde en sy bewoners dat Hy ons uit die mag van die duisternis weggeruk en ons onder die heerskappy gestel het van Sy Seun wat Hy liefhet, deur wie se bloed ons verlossing verkry het, die vergewing van ons sondes (**Kol.1:13-14**).
Pleit vir genade: Jesus Christus, wees genadig, toon U krag aan dié wat teen U saamsweer en maak die stem van die aanklaer stil.

Is jy 'n ware man?

Dawid sê in **1 Kron.29:17**: *Ek weet, my God, dat U die hart ondersoek en dat U opregtheid wil hê. (I know, my God, that you test the heart and are pleased with integrity. NIV)* Wat beteken integriteit werklik? Integriteit is dit wat ons dink en doen wanneer niemand ons sien en waarvan niemand anders ooit sal weet nie. Dit is om so te leef dat ons nie omgee of God of mense alles weet wat ons doen nie. Dit is 'n lewe waar dit wat ons sê, dink en doen nie vir ons 'n verleentheid sal wees as ons vrouens, kinders en kollegas dit moet weet of as dit in die koerant gepubliseer sal word nie. Dit is wanneer ons so leef dat ons woorde, dade, karakter en dit wat God van ons verwag, ooreenstem. Dit is wanneer mý karakter met die karakter van God ooreenstem. Vir 'n Christen is integriteit om God (Homself, Sy wil en voorskrifte) konsekwent onder alle omstandighede en enige vorm van druk te kies. 'n Man met integriteit word nie beheer deur vrees vir mense of deur druk wat op hom uitgeoefen word nie. Jesus se *kritici* moes op die ou end erken: *Meneer, ons weet dat u iemand is wat u mening eerlik uitspreek sonder om mense in aanmerking te neem, want u let nie op die aansien van persone nie. U is getrou aan die waarheid en so maak u die wil van God bekend* (**Mark.12:14**) Dit is integriteit. Ons lees in **Dan.6:4** *Hierdie Daniël het deur sy buitengewone bekwaamheid so uitgeblink bo die ander ministers en die goewerneurs-generaal dat die koning van plan was om hom oor die hele koninkryk aan te stel.* Dit is integriteit. Kyk na die belofte van God vir hulle wat met integriteit lewe: *Wie opreg (met integriteit) leef, leef sonder vrees.* (*He who walks in integrity, walks securely)* (**Spr.10:9**) Vir die man van God, 'n man van integriteit, gaan dit nie daaroor om goed oor homself te voel nie, maar om reg te voel oor homself, m.a.w. om te weet dat hy rég leef.

Donderdag 5 Februarie 2009

Verhef U Naam: Jahweh, ons verhef U Naam as die "Een wat op sy eie bestaan", die groot "EK IS" oor die hele aarde (**Eks.3:14**). Mag alle mense U op U Verbondsnaam leer ken.
Openbaar Sy karakter: Hemelse Vader, laat die Kerk opstaan, lewe en verkondig dat U die Heilige Gees gee vir almal wat U vra (**Luk.11:13**). Ook die waarheid dat as twee mense hier op aarde oor enige saak saamstem wat hulle in U Naam en volgens U wil vra, U dit vir hulle sal doen (**Matt.18:19**).
Verkondig Sy werke: Ons verkondig aan die aarde en sy bewoners dat die Here hulle seën en beskerm; dat die Here tot hulle redding verskyn en hulle genadig is; dat die Here hulle gebede verhoor en aan hulle vrede gee (**Num.6:23-27**).
Pleit vir genade: Jesus Christus, wees genadig, rig op die wat terneergedruk is.

Gebedsfokus op onbereikte mense: Za-mense van Tibet

Ongeveer 500 mense wat aan 'n etniese groep bekend as die Za behoort, woon in 'n afgeleë deel van suidoos-Tibet. Toe die Tibettane lank gelede die gebied oorgeneem het, het hulle die Za tot die Tibettaanse Boeddhisme bekeer. Die Christelike geloof moet nog sy teenwoordigheid in die afgesonderde gebied wat deur die Za bewoon word, bekend laat word. Tot onlangs toe het min paaie tot die gebied gelei, maar kontak tussen die Za en die buitewêreld het nou moontlik geword. Tot vandag toe is die Za egter onbewus van die bestaan van die Christendom en is hulle totaal en al 'n onbereikte mensegroep. (*Peoples of the Buddhist World*, Paul Hattaway, bl. 359). Bring hierdie inligting in gebed voor die Here. Vra dat die Here van die oes arbeiders sal stuur in die oes van die Za en ander onbereikte mensegroepe in Tibet.

Vrydag 6 Februarie 2009

Verhef U Naam: Jahweh, ons verhef U Naam as die "Almagtige" oor die ganse aarde (**Op.19:6**). Mag alle mense weet dat U by hulle is en U Naam aanroep.
Openbaar Sy karakter: Getroue God wat ons vergewe, laat die Kerk opstaan, lewe en verkondig dat U nie onregverdig is nie: U sal nie haar werk vergeet nie en ook nie die liefde wat sy vir U Naam betoon het deurdat sy die gelowiges gedien het nie (**Heb.6:10**). Laat sy gou wees om haar sondes te bely, met die wete dat U getrou en regverdig is, dat U ons ons sondes vergewe en ons van alle ongeregtigheid reinig (**1 Joh.1:9**).
Verkondig Sy werke: Ons verkondig aan die aarde en sy bewoners dat die hele Skrif deur God geïnspireer is en groot waarde het om in die waarheid te onderrig, dwaling te bestry, verkeerdhede reg te stel en 'n regte lewenswyse te kweek, sodat die man wat in diens van God staan, volkome voorberei en toegerus sal wees vir elke goeie werk (**2 Tim.3:16-17**).
Pleit vir genade: Jesus Christus, wees genadig, help die wese en die weduwees.

Saterdag 7 Februarie 2009

Verhef U Naam: El-Sjaddai, ons verhef U Naam as die "Algenoegsame" oor die hele aarde (**Gen.17:1**). Mag alle mense U erken as die Een wat in al hulle behoeftes voorsien.
Openbaar Sy karakter: Ondeurgrondelike, ewige God, laat die Kerk opstaan, lewe en aan diegene wat dit nog nie gehoor of geweet het nie verkondig, dat U wat die ewige God, die Here, die Skepper van die hele aarde is, nie moeg of afgemat raak nie. U insig is ondeurgrondelik (**Jes.40:28**). Mag sy dit aan alle mense bekendmaak dat God hulle toevlug is, en dat Sy ewige arms onder hulle is (**Deut.33:27**).
Verkondig Sy werke: Ons verkondig aan die aarde en sy bewoners dat aan Hom wat deur Sy krag wat in ons werk, magtig is om oneindig meer te doen as wat ons bid of dink, aan Hom kom die eer toe, in die Kerk, deur ons verbondenheid met Christus Jesus, deur al die geslagte heen tot in alle ewigheid (**Ef.3:20-21**).
Pleit vir genade: Jesus Christus, wees genadig, vernuwe die Kerk.

Sondag 8 Februarie 2009

Memoriseer
Om u wil te doen, my God, is my een begeerte, U Woord is my hele lewe (**Ps.40:9**).

Verhef U Naam: El-Roi, ons verhef U Naam as die God wat oor die hele aarde sien (**Gen.16:13-14**). Mag alle mense voor U aangesig vrees en bewe!
Openbaar Sy karakter: Genadige God wat vergewe, laat die Kerk opstaan, lewe en verkondig dat die Here ons God barmhartigheid bewys en vergewe, al was ons opstandig teen Hom. Luister tog, o God! Hoor ons tog! Sien tog ons verlatenheid raak, want ons pleit by U om ontferming, nie omdat ons regverdig is nie, maar op grond van U groot barmhartigheid (**Dan.9:9,18**). Laat oordeel sonder barmhartigheid nie ons deel wees omdat ons nie barmhartigheid bewys het nie, maar laat barmhartigheid in die Kerk oor die oordeel triomfeer (**Jak.2:13**).
Verkondig Sy werke: Ons verkondig aan die aarde en sy bewoners dat niks ons van die liefde van Christus sal skei nie; nie lyding of benoudheid of vervolging, honger of naaktheid, gevaar of die swaard nie (**Rom.8:35**). Maar in al hierdie dinge is ons meer as oorwinnaars deur Hom wat vir ons liefhet (**Rom.8:37**).
Pleit vir genade: Jesus Christus, wees genadig, stop misdaad.

Maandag 9 Februarie 2009

Verhef U Naam: Elohim, ons verhef U Naam as die "Allerhoogste God", die Een aan wie al die mag oor die hele aarde behoort (**Gen.1:1**). Mag alle mense erken dat U oppermagtig is en dat al die mag en gesag aan U behoort.
Openbaar Sy karakter: Roemryke God en Vader van ons Here Jesus Christus, laat die Kerk opstaan, lewe en verkondig dat alle mense gesondig het en nie deel het aan die heerlikheid van God nie, maar dat hulle, sonder dat hulle dit verdien, op grond van Sy genade vrygespreek word vanweë die verlossing deur Jesus Christus (**Rom.3:23-24**). Laat haar oorwinning wees deur die bloed van die Lam en die woorde van haar getuienis, en dat sy nie haar lewe so liefgehad het dat sy onwillig was om te sterf nie (**Op.12:11**).
Verkondig Sy werke: Ons verkondig aan die aarde en sy bewoners dat as iemand in Christus is, hy 'n nuwe mens is. Die oue is verby, die nuwe het gekom (**2 Kor.5:17**).
Pleit vir genade: Jesus Christus, wees genadig, verlos die verslaafdes.

Gebedsfokus op redding: Skoolhoofde

Skoolhoofde het die ontsaglike taak om die orde in hulle skole te handhaaf en al die klagtes en moeilike situasies te hanteer wat daar maar elke skooldag voorkom. Die vind van geskikte onderwysers, die toelating van nuwe leerders en die toepassing van die praktiese ordelikheid is enkele van die sake waarvoor ons vir hulle kan bid. Vra ook dat skoolhoofde gered sal word, hulle vertroue in God sal stel en 'n getuienis van God se guns in hulle skole sal hê. Bid ook dat hulle sagte maar besliste harte sal hê.

Tieners wat bid: Kry balans

Jongmense is uiters kwesbaar om onder groepsdruk betrokke te raak by skynbaar onskuldige dinge soos alkohol, dwelms, pornografie, geselskamers en baie meer. Al hierdie dinge lyk baie *cool* totdat 'n vriend sterf weens 'n oordosis of 'n vriendin verkrag en swanger word. Wil jy nie daaraan dink om vir ander tienderjariges te bid vir beskerming teen hierdie dinge nie?

1. **Godsdiens:** Die meerderheid tienderjariges en jong volwassenes in die meeste dele van die wêreld is volgens 'n lywige studie uit 21 lande, godsdienstig. Wêreldwyd sê nagenoeg 44% jong volwassenes hulle is diep godsdienstig (of selfs Christene). Slegs 13% stel nie in God of geloof oor die algemeen belang nie. (*Christian Post*, 15 Julie '08).

Here, ek bid dat U die harte en verstand van jong mense oor die wêreld sal aanraak om na U te draai en om radikale volgelinge en doeners van U Woord te word.

2. **Vetsug:** Tieners wat ontbyt eet gebruik meer kalorieë daagliks maar weeg minder as die wat die eerste maaltyd van die dag oorslaan. 'n Kind wat ontbyt oorslaan is geneig om vetter te word en is dus 'n groter kandidaat vir vetsug. Vetsug lei tot baie ander siektes. (Webruimte: http://www.iol.co.za/index.php?set_id=1&click_id=31&art_id=nw20080303181402244C183552&newslett=1&em=177813a1a20080304ah).

Here, ek bid vir jong mense om gevestig te raak in gesonde eetgewoontes, oefening en sosialisering. Help ons om te besef dat ons liggame 'n tempel van U Heilige Gees is en dat ons teen 'n prys gekoop is. Help ons om U te verheerlik in ons liggame en in ons gees wat aan U alleen behoort (**1 Kor.6:19**).

3. **Pornografie:** Ongeveer 81% van Suid-Afrikaanse kinders tussen die ouderdomme 13 en 17 het al na pornografiese materiaal op hulle vriende se selfone gekyk. Soveel soos 66% is aan pornografie blootgestel deur films en teen die tyd dat hulle 18 jaar oud is, het 64% na pornografie op die Internet gekyk. Ongeveer 45% van die kandidate het erken dat hulle gereeld na pornografiese films kyk. Meer seuns (84%) as dogters (54%) het ten minste al na een pornografiese film gekyk. (Webruimte: http://iafrica.com/news/sa/652453.htm).

*Here ons bid dat ons vriende die strik van verslawing van pornografie betyds sal raaksien. Help hulle om te verstaan dat dit op die lang duur uiters gevaarlik en skadelik vir die verstand en vir die gees is. As jong mense onderwerp ons ons aan U en staan ons die duiwel in U Naam teë. Leer ons om tot U te nader. Spoor ons generasie aan om ons hande te was en ons harte te reinig (***Jak.4:7-8**).

4. **Dwelms:** Groot hoeveelhede alkohol verlaag self-bewustheid en lei tot en bevorder dikwels onverantwoordelike gedrag. Wanneer hulle onder die invloed is, is tieners meer daartoe geneig om met dwelms en seks te eksperimenteer. Hulle is ook meer blootgestel om beroof, aangeval en verkrag te word. (Bron: *Medical Council crime, violence and injury lead programme report 2004).*

Here, ek bid vir beskerming oor tieners wat aan groepsdruk toegee en hulle waardigheid verloor. Help hulle om die gevare te besef en nee te sê vir dwelms en seks. Beskerm hulle teen roof, fisiese mishandeling, geweld en verkragting.

5. **Alkohol:** Fuiwery (*binge drinking*: om meer as 5 drankies binne 'n paar uur te neem) word 'n al groter probleem onder tieners. Dit veroorsaak o.a. alkoholvergiftiging en hoë bloeddruk. Dit mag ook hartversaking, beroerte of versmoring veroorsaak wanneer iemand flou word. Hospitale berig dat tienderjariges veral gedurende die Desember vakansies behandel word vir beserings omdat hulle alleen was of in ekstreme gevalle omdat hulle ouers of voogde self te dronk was om hulle te help. (Bron: *Medical Council crime, violence and injury lead programme report 2004).*

Here, ek bid vir ouers en voogde wat nie volgens U wil leef nie. Wys asseblief vir hulle die waarheid oor Jesus Christus. Ek roep uit na U vir tieners wat hulle voorbeeld volg of wat vir die pret drink en alkoholiste word. Help hulle asseblief om hulle verslawing te erken en ook dat hulle hulp nodig het. Laat hulle besef dat hulle 'n uitverkore volk is, 'n koninklike priesterdom, 'n nasie wat vir God afgesonder is, U eie spesiale eiendomsvolk wat U verlossingsdade moet verkondig omdat U hulle uit die duisternis geroep het na U wonderbare lig (**1 Pet.2:9**).

6. **Selfone, TV & rekenaarspeletjies:** As jy mal is oor jou stokperdjie, uitverkoop is daaraan en soveel tyd as moontlik daarvoor wil gebruik - kan dit 'n aangename leerskool vir jou wees, 'n tyd van kreatiwiteit en self-uitlewing. Maar by werklike patologiese verslawings het die skaal oorgeslaan. Die slegte weeg nou swaarder as die goeie en dit lei tot ernstige versteurings in 'n mens se vermoë om by die "werklike" lewe aan te pas. Vanuit 'n kliniese perspektief bekyk, kan hierdie patalogiese verslawings 'n poging wees om depressie en angs te beheer en dit mag

diepliggende onsekerhede en gevoelens van innerlike leegheid reflekteer. (Webruimte: http://www.netaddiction.com).

Here, ek bid vir myself en ander tieners om die streep tussen die lekker van speletjies speel en verslawing raak te sien. Ek vra dat tieners hulleself doelbewus sal weerhou van te veel tyd spandeer aan speletjies op die Internet of televisie. Beskerm hulle ook teen kinderrowers in geselskamers (chat rooms), met die gebruik van MXit, ens. Help Christen tieners om te besef dat hulle saam met Christus uit die dood opgewek is en dat hulle moet strewe na die dinge daarbo waar Christus is, waar Hy aan die regterhand van God sit. Help hulle om hulle gedagtes op die dinge daarbo te sit, nie op die dinge wat op die aarde is nie (**Kol.3:1-2**).

(Suid-Afrikaanse hulplyne. Alkoholiste Anoniem, tel.: 0861 435 722, *Life Line*, tel.: 0861 322 322).

Dinsdag 10 Februarie 2009

Verhef U Naam: Elah (of Elohah), ons verhef U Naam as die "Een wat bewonder kan word" oor die hele aarde (**Jer.10:10**). Mag alle mense uit alle nasies U aanbid.

Openbaar Sy karakter: Geseënde Here, laat die Kerk opstaan, lewe en U seën oor ander bid en proklameer soos U haar beveel om te doen. Seën die Kerk en beskerm haar, verskyn tot haar redding en wees haar genadig; verhoor haar gebede en gee aan haar vrede (**Num.6:24-26**).

Verkondig Sy werke: Ons verkondig aan die aarde en sy bewoners dat hulle krag sal ontvang wanneer die Heilige Gees oor hulle kom, en hulle sal Sy getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en in Samaria en tot in die uithoeke van die wêreld (**Hand.1:8**).

Pleit vir genade: Jesus Christus, wees genadig, herstel huwelike.

Woensdag 11 Februarie 2009

Verhef U Naam: El Olam, ons verhef U Naam as "Ewige God" oor die hele aarde (**Jer.10:10**). Mag alle mense besef daar is 'n ewige God.

Openbaar Sy karakter: Getroue Here, laat die Kerk opstaan, lewe en haar identiteit in U verkondig as die hoop van haar roeping (**Ef.1:18**). Help haar om Jesus Christus te ken en bekend te maak as die geloofwaardige Getuie, die Eerste wat uit die dood opgestaan het, die Heerser oor die konings van die aarde, die Een wat ons liefgehad het en ons deur Sy bloed van ons sondes verlos het en ons konings en priesters vir God Sy Vader gemaak het (**Op.1:5-6**).

Verkondig Sy werke: Ons verkondig aan die aarde en sy bewoners, dat aan God, die Vader van ons Here Jesus Christus, al die lof toekom, want Hy is die Vader wat Hom ontferm en die God wat in elke omstandigheid moed gee. In elke moeilikheid bemoedig Hy ons. Daarom kan ons weer ander bemoedig wat in allerlei moeilikhede verkeer. Ons kan hulle bemoedig met dieselfde bemoediging waarmee God ons bemoedig (**2 Kor.1:3-4**).

Pleit vir genade: Jesus Christus, wees genadig, wek die skoolkinders weer op.

Donderdag 12 Februarie 2009

Verhef U Naam: Jahweh-Nissi, ons verhef U Naam as die "Here my Banier" oor die hele aarde (**Eks.17:15, Jes.11:10**). Mag alle mense U aanbid as die Wortel van Isai wat vas sal staan as 'n banier van die volke.

Openbaar Sy karakter: Heilige en jaloerse God, laat die Kerk opstaan, lewe en verkondig dat die Here God 'n verterende vuur is, 'n God wat onverdeelde trou aan Hom eis (**Deut.4:24**). Laat sy versigtig wees hoe sy praat en verstaan dat U Woord soos 'n vuur en 'n hamer is wat klippe in stukke breek (**Jer.23:29**). Laat dit met haar soos met Jesus wees, gee U woorde in haar mond sodat sy alles sal spreek wat U haar beveel (**Deut.18:18, Joh.14:24**).

Verkondig Sy werke: Ons verkondig aan die aarde en sy bewoners, dat al is julle afgetakel na liggaam en gees, God is julle sterkte; aan Hom behoort julle vir altyd. Dié wat ver van U af is, gaan verlore, U vernietig dié wat aan U ontrou is. Maar dit is goed om naby God te wees. Kies die Here God as julle toevlug en vertel van al Sy werke (**Ps.73:26-28**).

Pleit vir genade: Jesus Christus, wees genadig, besoek die kampusse.

Gebedsfokus op armoede: *Valcare Trust*

Valcare Trust is 'n nie-winsgewende Christelike organisasie met die doel om armoede in die Paarl Vallei te verminder. Hulle funksie is om as 'n inligtings- en netwerkorganisasie op te tree, en hulle bied hulle dienste aan vir kerke, projekte of organisasies, sakeondernemings en ander diensverskaffers. Dank die Here vir die persone wat bereid is om uit te reik met projekte om die geestelike, emosionele en fisiese omstandighede van die inwoners van hierdie gebied te verbeter. Vra dat meer mense by hierdie projek betrokke sal raak en dat dit baie vrug sal dra. (*Valcare Trust*, Louie Straat 2, Paarl, 7646. Tel.: 021 872 2365, faks: 021 872 2376. Webruimte: www.valcare.org.za of e-pos: admin@valcare.org.za).

Vrydag 13 Februarie 2009

Verhef U Naam: El Eljon, ons verhef U Naam as die "Allerhoogste God" oor die hele aarde (**Ps.57:3**). Mag alle mense U aanroep as die "God wat hulle sal help".
Openbaar Sy karakter: Barmhartige God, laat die Kerk opstaan, lewe en U verkondig as die Een wat ons lyding op Hom geneem het en ons siektes gedra het (**Matt.8:16-17**), die Een wat ons krankhede op Hom geneem het en ons smarte gedra het (**Jes.53:4**). Ons bid dat die Kerk die blye boodskap sal bring aan mense in nood, en soos Jesus, dié wat moedeloos is, sal opbeur, vir die gevangenes vrylating sal aankondig en vryheid vir dié wat opgesluit is (**Jes.61:1**).
Verkondig Sy werke: Ons verkondig aan die aarde en sy bewoners: Weet julle dan nie, het julle nog nie gehoor nie? Die Here is die ewige God, Skepper van die hele aarde. Hy word nie moeg nie, Hy raak nie afgemat nie en Sy insig is ondeurgrondelik. Hy gee die vermoeides krag, Hy versterk dié wat nie meer kan nie. Selfs jongmanne word moeg en raak afgemat, selfs manne in hulle fleur struikel en val, maar dié wat op die Here vertrou, kry nuwe krag. Hulle vlieg met arendsvlerke, hulle hardloop en word nie moeg nie, hulle loop en raak nie afgemat nie (**Jes.40:28-31**).
Pleit vir genade: Jesus Christus, wees genadig, genees gebroke harte.

Saterdag 14 Februarie 2009

Verhef U Naam: El, ons verhef U Naam as die "Een wat sterk is" oor die hele aarde (**Jes.28:2**). Mag alle mense U as die een en enigste God leer ken.
Openbaar Sy karakter: Magtige God wat aan duisende U guns bewys, laat die Kerk opstaan, lewe en U goedheid bewys in alles wat sy doen en sê (**Jer.32:18**).
Verkondig Sy werke: Ons verkondig aan die aarde en sy bewoners dat as ons ons sondes bely, Hy getrou en regverdig is om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig (**1 Joh.1:9**).
Pleit vir genade: Jesus Christus, wees genadig, bring versoening in verhoudings.

Sondag 15 Februarie 2009

Memoriseer
Onderwerp julle in nederigheid voor die Here, en Hy sal julle verhoog (**Jak.4:10**).

Jerigo Mure Internasionale Gebedsnetwerk
Bid asseblief vandag vir elke vrywilliger by die verskillende kantore van *Jerigo Mure Internasionale Gebedsnetwerk* reg oor die land. Vra vir hulle veiligheid, krag en gesondheid. Bid ook tot God om in hulle praktiese en fisiese behoeftes te voorsien. Ons dank die Here vir beantwoorde gebede in verband met die druk en pos van die *Jerigo Mure Daaglikse Gebedsgids.* Hou steeds hierdie saak in gebed voor die Here. Die volgende uitgawe van *Jerigo Mure Daaglikse Gebedsgids* sal gedurende die volgende 10 dae gepos word. Vra dat elke boekie sy bestemming betyds sal bereik en geen koevert of pakkie verlore sal gaan nie. Vra ook dat meer mense in gebed sal aansluit deur op die gedrukte boekie in te teken, maar ook op die Internet-weergawe, veral mense uit ander lande. (*Jerigo Mure Internasionale Gebedsnetwerk*, Privaatsak X22, Lynnwoodrif, 0040. Tel.: 012 365 3213, faks: 012 365 3214. Webruimte: www.jwipn.com of e-pos: info@jwipn.com).

Verhef U Naam: Jahweh-Rohi, ons verhef U Naam as die "Here my Herder" oor die hele aarde. Mag alle mense Jesus leer ken as die Groot Herder wat oor Sy skape waghou (**Ps.23:1**).
Openbaar Sy karakter: Barmhartige en genadige God, laat die Kerk opstaan en lewe, en barmhartigheid en genade verkondig in alles wat sy sê en doen (**Jak.5:11**).
Verkondig Sy werke: Ons verkondig aan die aarde en sy bewoners dat die Here getrou is. Hy sal hulle versterk en hulle van die bose bewaar (**2 Tess.3:3**).
Pleit vir genade: Jesus Christus, wees genadig, genees die siekes.

Maandag 16 Februarie 2009

Verhef U Naam: Jahweh-Tsidkenu, ons verhef U Naam as die "Here ons Geregtigheid" oor die hele aarde (**Jer.23:6, 33:16**). Mag alle mense tot die volle geregtigheid van God kom wat verkry word deur met persoonlike geloof en vaste vertroue te glo in Jesus Christus (die Messias) en dat dit bedoel is vir almal wat glo (**Rom.3:22**).
Openbaar Sy karakter: God wat gee en voorsien, laat die Kerk opstaan, lewe en verkondig dat U die God is wat in al ons behoeftes voorsien volgens U wonderbaarlike rykdom in Christus Jesus (**Fil.4:19**). Laat haar U woorde vrymoedig spreek, in die wete dat U die Heilige Gees sonder enige beperking gee (**Joh.3:34**).
Verkondig Sy werke: Ons verkondig aan die aarde en sy bewoners: Wie is hierdie magtige Koning? Die Here, sterk en geweldig, die Here, oorwinnaar in elke stryd (**Ps.24:8**).

Pleit vir genade: Jesus Christus, wees genadig, leer ons die vrese van die Here.

Gebedsfokus op redding: Universiteit- en kollegestudente
'n Onlangse dokumentêre program op *SABC* het getoon dat sekere studente wat hulle studie aan 'n universiteit staak, dit doen as gevolg van 'n gebrek aan kos. Hulle studiegeld word betaal, maar hulle het letterlik nie geld om selfs die basiese kos te koop om aan die lewe te bly nie. Dit is ook die geval met baie van dié wat nie hulle eksamens afhandel of slaag nie, weer eens weens 'n gebrek aan 'n ordentlike maaltyd per dag. Daar is ook ander redes waarom studente nie hulle kursusse voltooi nie. Baie verkwis bloot die geleentheid om opleiding te kan ontvang. Bid vir die redding van studente by al die tersiêre instellings in die land. Vra dat die Kerk na almal sal uitreik wat 'n sukses wil maak van hulle studie, maar wat met praktiese struikelblokke te make het, soos kos en 'n ordentlike blyplek.

Dinsdag 17 Februarie 2009

Verhef U Naam: Jahweh-Sjammal, ons verhef U Naam as "God by my" oor die hele aarde (**Ps.23:4**). Mag alle mense U persoonlik leer ken as die "God wat by hulle is", in hierdie lewe en vir altyd.
Openbaar Sy karakter: Jesus Christus, laat die Kerk opstaan, lewe en U verkondig as die beeld van die onsigbare God, die eerste, verhewe bo die hele skepping (**Kol.1:15**). Laat sy sonder skroom verklaar dat U die enigste Seun is, self God, wat die naaste aan die Vader is, en wat U bekend gemaak het (**Joh.1:18**).
Verkondig Sy werke: Ons verkondig aan die aarde en sy bewoners dat, soos water die seebodem bedek, so sal die magtige teenwoordigheid van die Here oral op die aarde geken word (**Hab.2:14**).
Pleit vir genade: Jesus Christus, wees genadig, seën die land om vrug te dra.

Wêreldwye fokus om te bid teen geweld en oorloë

Die volgende aanwysers verskaf 'n basis oor hoe om te bid oor die geweld/oorlog wat op die oomblik in die wêreld aangaan. Voel asseblief vry om ander onderwerpe by te voeg soos die Heilige Gees jou lei.

1. **Op die oomblik woed daar 35 Oorloë:** Daar was oor die 250 groot oorloë in die wêreld sedert Wêreldoorlog II. Meer as 37 miljoen mense is gedood in oorloë in die 20ste eeu. Drie maal meer mense is die afgelope 90 jaar dood in oorloë as in die vorige 500 jaar. Daar is meer as 35 konflikte aan die woed in die wêreld vandag. *Vader God, ons bring elke persoon voor U troon wat op die oomblik swaarkry as gevolg van 'n oorlog in hulle omgewing. Mag hulle Jesus leer ken. Mag hulle oor niks besorg wees nie, maar in alles hulle begeertes deur gebed en smeking met danksegging aan U bekend maak. Gee dat die vrede wat alle verstand te bowe gaan oor hulle harte en gedagtes die wag hou in Christus Jesus* (**Fil.4:6-7**).

2. ***Wie sterf*?** In die oorloë van die laaste dekade is meer kinders dood as soldate. In die laaste dekade is 'n beraamde 2 miljoen kinderslagoffers in oorloë dood, 4 tot 5 miljoen vermink, 12 miljoen huisloos en meer as 1 miljoen wees gelaat. *Vader God, openbaar U Seun Jesus aan die kinders wat vermink, huisloos en wees gelaat is. Mag elkeen U wonderlike trou beleef, mag elkeen beleef hoe U hom help as hy van sy vyande by U skuil* (**Ps.17:7**).

3. ***Kindersoldate*:** Ongeveer 300 000 kinders dien as soldate in huidige gewapende konflikte. Hulle dra AK-47's en M-16's op die voorlinies van konflik, dien as menslike mynverklikkers, neem deel aan selfmoordsendings, dra voorrade en tree op as spioene, boodskappers of brandwagte. Kindersoldate word in meer as 30 lande regoor die wêreld gebruik. (Webruimte: http://www.worldrevolution.org/guide/childsoldiers). *Vader God, ons roep uit tot U dat U mense sal oprig wat reg sal laat geskied aan almal en liefde en barmhartigheid aan mekaar sal bewys (***Sag.7:9**). *Mag die kinders bevry word om kinders te wees, gee vrede in plek van oorlog.*

4. ***Kinders en Oorloë:*** Miljoene kinders is vasgevang in konflikte waarin hulle nie net toeskouers is nie, maar ook teikens. Party is slagoffers van algemene aanvalle op gewone landsburgers, ander sterf as deel van 'n berekende menseslagting. Nog ander kinders ly onder die nagevolge van seksuele geweld of verskeie ontberings as gevolg van gewapende konflik wat hulle blootstel aan honger en siektes. Net so skokkend is die duisende jongmense wat gevoelloos uitgebuit word as vegters. (*The United Nations Children's Fund (UNICEF)*, State of the World's Children, 1995, bl. 2. Webruimte: http://www.worldrevolution.org/guide/childrenandwar). *Vader God, ons roep uit tot U oor die benarde toestand waarin kinders verkeer. Wys vir hulle die verlossing in Jesus Christus. Beskerm hulle soos die appel van U oog, steek hulle weg in die skaduwee van U vleuels vir die goddeloses wat hulle wil oorweldig, die doodsvyande wat hulle omsingel* (**Ps.17:8-9**).

5. **Vroue en oorloë:** Gedurende gewapende konflik word vrouens en dogters gedurig gedreig met verkragting, seksuele uitbuiting, ontvoering, seksuele vernedering en verminking. Hulle verkeer orals in groot nood, hetsy by die huis, op vlug of in kampe vir ontworteldes. (Webruimte: http://www.worldrevolution.org/guide/womenandwar). *Vader God, ons roep na U om die gety vir die vroue te laat draai, veral vir hulle wat ly as gevolg van die voortslepende oorloë. Ons vra vir U dat niemand die weduwee en die weeskind, die vreemdeling en die arme sal verdruk nie. Laat niemand bose planne teen hulle bedink nie (**Sag.7:10**).*

6. **Vlugtelinge:** Vandag is daar geen kontinent en byna geen land in die wêreld wat nie geraak word deur die wêreldwye vlugtelingenood nie. Aan die begin van 2000 was daar 'n beraamde 14 miljoen vlugtelinge gedwing om internasionale grense oor te steek as gevolg van oorloë, burgeroorloë, ens. 'n Beraamde 30 miljoen mense is gedwing om uit hulle huise te vlug, maar woon in hulle eie lande en is dus nie geregtig op beskerming onder die internasionale hulpstelsels vir vlugtelinge nie. (Webruimte: http://www.worldrevolution.org/guide/refugees). *Vader God, ons roep U aan vir vlugtelinge en vir hulle wat uit hulle huise moes vlug. Soos in Bybelse tye sal U brood en water voorsien vir die wat vir die wrede oorlog gevlug het (**Jes.21:14-15**). Help hulle om te weet U is 'n God wat red, fisies en geestelik.*

7. **Landmyne:** Na beraming is daar tussen 60 en 70 miljoen landmyne in die grond in ten minste 70 lande. Landmyne wond of dood ongeveer 26 000 burgerlikes elke jaar, waarvan 8 000 tot 10 000 kinders is. Slagoffers wat oorleef verduur 'n leeftyd van fisieke, psigologiese en ekonomiese ontwrigting. Minstens 75% van landmynslagoffers is gewone burgerlikes. (Adopt-a-Minefield, webruimte: www.landmines.org of http://www.worldrevolution.org/guide/landmines). *Vader God, ons bid dat daar gou 'n oplossing gevind word om die probleem wêreldwyd op te los. Versorg die slagoffers van landmyne, genees hulle gebroke harte en verbind hulle wonde* (**Ps.147:3**).

Woensdag 18 Februarie 2009

Verhef U Naam: Jahweh-Sjamma, ons verhef U Naam as die "Here wat hier is" oor die hele aarde (**Eseg.48:35**). Mag alle mense U leer ken en vir alle ewigheid by U woon en U geopenbaarde teenwoordigheid sien (**Op.21:12-14**).
Openbaar Sy karakter: Barmhartige God, U het ons naby aan U gebring deur die bloed van Christus (**Ef.2:13**). Laat die Kerk opstaan, lewe en U verkondig as die genaakbare Een naby aan haar, haar een en enigste God. Ons vra dat Gelowiges U aangesig sal soek om naby aan U te kom; dat hulle net een ding sal begeer: om hulle hele lewe lank in U teenwoordigheid te woon, om U lieflikheid te aanskou en oor U goedheid na te dink in U tempel (**Ps.27:4**).
Verkondig Sy werke: Ons verkondig aan die aarde en sy bewoners: In Christus is die volle wese van God beliggaam, en in verbondenheid met Hom deel julle in Sy volheid. Hy is die hoof oor elke mag en gesag (**Kol.2:9-10**).
Pleit vir genade: Jesus Christus, wees genadig, vervul die begeertes van dié wat U vrees.

Christen-motorfietsryersvereniging (CMV)
George Lehman skryf: "'n Gedenkdiens wat ek onlangs gelei het, is deur 950 meestal ongeredde mans van ongeveer 60 motorfietsklubs, soos Satan Saints, Hell's Angels, Hell Raisers, Stepchildren, Suicidal Tendencies, Wild Bunch, Crazy Dogs, Grim Reapers, Skull Riders en ander bygewoon. Ons het wonderlike getuienisse gehoor oor hoe God party van die motorfietsryers verander het. Dit is nie 'n maklike bediening nie omdat ons met baie rowwe ouens te make het; met tye is daar demoniese situasies, seksuele perversiteit en dwelm- en alkoholmisbruik. Bid vir ons beskerming, ons finansies om op uitreike te gaan, beskerming as ons op ons motorfietse ry en 'n oop deur om onverskrokke oor Jesus te praat en so ons MISSIE te vervul: "WEN EEN HART OP 'N KEER." (Bikers' Church, Posbus 1755, Brackenfell, 7561. Tel.: 021 982 2303, faks: 021 982 0997. E-pos: bikercrc@mweb.co.za).

Donderdag 19 Februarie 2009

Verhef U Naam: Jahweh-Sjalom, ons verhef U Naam as die "Here wat rus gee" en "God is vrede" oor die hele aarde (**Rig.6:24**). Mag alle mense deur Jesus Christus vrede by God vind.
Openbaar Sy karakter: Grote God van die hemel, laat die Kerk opstaan, lewe en verkondig dat die Seun die heerlikheid van God uitstraal; Hy is die ewebeeld van die wese van God. Hy hou alle dinge deur Sy magswoord in stand. Nadat Hy die reiniging van sondes bewerkstellig het, het Hy gaan sit aan die regterhand van die Majesteit in die hoë hemel (**Heb.1:3**). Mag die Kerk met vrymoedigheid die ryke verskeidenheid van God se wysheid bekend laat word aan elke mag en gesag in die hemelruim, soos Hy Hom van ewigheid af al voorgeneem het om dit deur Christus Jesus, ons Here, tot uitvoering te bring. In ons verbondenheid met Hom en deur ons geloof in Hom kan ons met vrymoedigheid en vertroue na God gaan (**Ef.3:10-12**).

Verkondig Sy werke: Ons verkondig aan die aarde en sy bewoners dat ons tot alles in staat is deur Christus wat ons krag gee (**Fil.4:13**).
Pleit vir genade: Jesus Christus, wees genadig, antwoord die geroep van die armes en behoeftiges.

Vrydag 20 Februarie 2009

Verhef U Naam: Jahweh-Sebaot, ons verhef U Naam as die "Here van die leërskare" oor die hele aarde (**1 Sam.1:3; Jes.6:3**). Mag alle mense U aanbid as die "Here van die leërskare" soos in die hemel.
Openbaar Sy karakter: Soewereine Here en enigste Heerser, laat die Kerk opstaan, lewe en U verkondig as die geseënde en enigste Heerser, die Koning van die konings en die Here van die heersers. U alleen besit onsterflikheid; U woon in ontoeganklike lig. Geen mens het U gesien of kan U sien nie. Aan U kom toe eer en ewige mag (**1 Tim.6:15-16**). Gee dat die Kerk haar nie sal skaam vir wie U is nie (**Luk.9:26**).
Verkondig Sy werke: Ons verkondig aan die aarde en sy bewoners dat liefde van God af kom; en elkeen wat liefhet, is 'n kind van God en ken God. Wie nie liefhet nie, het geen kennis van God nie, want God is liefde. Hiérin is God se liefde vir ons geopenbaar: Sy enigste Seun het Hy na die wêreld toe gestuur sodat ons deur Hom die lewe kan hê. Werklike liefde is dít: nie die liefde wat ons vir God het nie, maar die liefde wat Hy aan ons bewys het deur sy Seun te stuur as versoening vir ons sondes (**1 Joh.4:7-10**).
Pleit vir genade: Jesus Christus, wees genadig, gee ons reën op die regte tyd.

Bid die beloftes vir Israel: Om te weet, te begryp en te besef dat Hy Here is
In **Esegiël 36:8-12** belowe God dat die berge van Israel (Judea en Samaria) sal floreer, dat die mense op hulle vermenigvuldig sal word, dat die stede bewoon sal word en dat die verlate plekke weer opgebou sal word. Die spesiale deel is dat dit beter sal wees as tevore. God belowe om dit alles te doen om twee redes: sodat Israel kan weet en begryp en besef dat Hy die Here is, wat lojale en gehoorsame diens wil hê, en sodat al die nasies kan weet dat Hy alleen God is sodat Sy Naam groot gemaak kan word. Daar is baie twis en stryd in Israel oor grond. Bid vir vrede en dat God vir beide Jode en Palestyne grond sal gee vir die vervulling van Sy wil en bedoelings, en dat die grond in ooreenstemming met Sy beloftes verdeel sal word.

*Getroue Vader, ons eer U as 'n God wat doen wat Hy sê. Ons dra hierdie situasie in gebed aan U op en roep tot U dat die belofte waar sal bly ook vir hierdie geslag Jode. Bo alles bid ons, dat op grond van U belofte, hulle kan weet en begryp en besef dat U die Here is, wat lojale en gehoorsame diens wil hê. Ons vra dat ontsag vir die Here weer eens op die volk Israel sal kom en dat hulle tot U sal roep om hulle as volk te vestig en te laat gedy volgens die belofte van **Esegiël 36.***

Saterdag 21 Februarie 2009

Verhef U Naam: Jahweh-Rophe, ons verhef U Naam as die "Here wat gesond maak" oor die hele aarde (**Eks.15:26**). Mag alle mense leer om noukeurig na U stem te luister, te doen wat reg is in U oë, gehoor te gee aan U bevele en U gebooie te onderhou sodat hulle siektes genees sal word.
Openbaar Sy karakter: Here, U toon geen partydigheid nie. Laat die Kerk opstaan, lewe, proklameer en duidelik verstaan dat U geen onderskeid maak nie. In enige volk neem Hy die mense aan wat Hom vereer en doen wat reg is (**Hand.10:34-35**). Wek die Kerk op om die evangelie tot in die uithoeke van die aarde te verkondig, aan dié wat uitgewerp en verlate is (**Hand.13:47-48**).
Verkondig Sy werke: Ons verkondig aan die aarde en sy bewoners: Sê vir die Here: "Hoe ontsagwekkend is U werk! U mag is groot, U vyande kruip voor U" (**Ps.66:3**).
Pleit vir genade: Jesus Christus, wees genadig, beskerm ons teen onheil.

Sondag 22 Februarie 2009

Memoriseer
Die dinge waarmee die sondige natuur van die mens hom besig hou, loop uit op die dood, maar die dinge waarmee die Gees Hom besig hou, bring lewe en vrede (**Rom.8:6**).

Verhef U Naam: Jahweh-Mekaddisjkem, ons verhef U Naam as die "Here wat heilig maak" oor die hele aarde (**Lev.20:8**). Mag alle mense hulleself aan U wy en heilig wees, want U is heilig.
Openbaar Sy karakter: God wat ons skild is, laat die Kerk opstaan, lewe en verkondig dat wat God doen, volmaak is; wat die Here sê, is suiwer. Hy is 'n skild vir elkeen wat by Hom skuiling soek (**Ps.18:31**). Mag die Kerk in hierdie waarhede 'n ware getuie vir die wêreld wees en mense aanspoor om hulle tot U te bekeer.

Verkondig Sy werke: Ons verkondig aan die aarde en sy bewoners: Word wakker en versterk wat nog by julle oorgebly het, wat op die punt staan om dood te loop, want wat julle doen, vind Christus nie goed genoeg voor die oë van God nie (**Op.3:2**).
Pleit vir genade: Jesus Christus, wees genadig, beskut ons teen rassisme en geweld.

Maandag 23 Februarie 2009

Verhef U Naam: Jahweh-Makkeh, ons verhef U Naam as die "Here wat slaan/tref" oor die ganse aarde (**Eseg.7:9**). Mag alle mense weet dat U hulle straf volgens hulle werke sodat hulle U in U heiligheid kan leer ken.
Openbaar Sy karakter: Volmaakte en getroue God, laat die Kerk opstaan, lewe en verkondig dat U die Rots is en dat wat U doen, volmaak is. Alles wat U doen, is regverdig. U is die getroue God, sonder onreg, U is regverdig en betroubaar (**Deut.32:4**). Laat haar tot 'n diepgaande begrip van hierdie waarhede kom.
Verkondig Sy werke: Ons verkondig aan die aarde en sy bewoners dat die Here optree teen dié wat kwaad doen en selfs die herinnering aan hulle van die aarde af vee. As die regverdiges om hulp roep, hoor die Here hulle en red Hy hulle uit al hulle benoudhede (**Ps.34:17, 18**).
Pleit vir genade: Jesus Christus, wees genadig, doop ons met U Gees.

Gebedsfokus op redding: Kassiere
Duisende mense in Suid-Afrika werk as kassiere. Bid dat hulle die geld wat in hulle werk aan hulle toevertrou word, met integriteit sal hanteer en getroue en betroubare werknemers sal wees. Vra dat dié van hulle wat geld geneem het, dit sal terugbetaal en hulle verkeerde dade sal regstel. Bid vir die redding van kassiere wat God nog nie ken nie. Bid dat die Christen-kassiere elke dag godvrugtige getuies sal wees met die wyse waarop hulle geld hanteer.

Dinsdag 24 Februarie 2009

Verhef U Naam: Jahweh-Hosenu, ons verhef U Naam as die "Here ons Skepper" oor die hele aarde (**Ps.95:6**). Mag alle mense voor U neerkniel en U bely as die "Een wat hulle gemaak het."
Openbaar Sy karakter: Regverdige en genadige Here, laat die Kerk opstaan, lewe en verkondig dat die Here regverdig is in al Sy handelinge, getrou in alles wat Hy doen. Die Here is naby almal wat Hom aanroep, almal wat Hom in opregtheid aanroep (**Ps.145:17-18**). Mag die Kerk volgens die voorbeeld van Jesus leef, in die besef dat sy niks uit haarself kan doen nie, dat sy nie haar eie wil sal soek nie, maar die wil van die Vader wat regverdig is in al Sy weë (**Joh.5:30**).
Verkondig Sy werke: Ons verkondig aan die aarde en sy bewoners dat God vanuit die hemel Sy toorn openbaar oor al die goddeloosheid en ongeregtigheid van die mense wat die waarheid deur hulle ongeregtigheid probeer onderdruk (**Rom.1:18**).
Pleit vir genade: Jesus Christus, wees genadig, verlos ons van die Bose.

Woensdag 25 Februarie 2009

Verhef U Naam: Jahweh-Goaleka, ons verhef U Naam as die "Here ons Verlosser" oor die hele aarde (**Jes.44:24**). Mag alle mense op aarde tot die kennis kom dat U die enigste ware "Verlosser" is.
Openbaar Sy karakter: Here God, U is heilig. Laat die Kerk opstaan, lewe, en aan al die mense op aarde verkondig dat hulle heilig moet wees, want U is heilig (**Lev.19:2**). Laat sy daarom
verstandelik wakker, nugter en gehoorsaam wees, en nie haar lewe inrig volgens die begeertes wat sy vroeër gehad het nie, maar in haar hele lewenswandel heilig wees (**1 Pet.1:13-15**).
Verkondig Sy werke: Ons verkondig aan die aarde en sy bewoners dat as julle Hom as Vader aanroep wat oor elke mens onpartydig volgens sy dade oordeel, lewe dan in eerbied vir Hom gedurende die tyd van julle vreemdelingskap in die wêreld (**1 Pet.1:17**).
Pleit vir genade: Jesus Christus, wees genadig, antwoord ons spoedig.

Donderdag 26 Februarie 2009

Verhef U Naam: Jahweh-Gmolah, ons verhef U Naam as die "God wat vergeld" oor die hele aarde (**Jer.51:56**). Mag alle mense met vrees en bewing let op wat hulle doen in die besef dat U 'n "Beloner" van hulle dade is.
Openbaar Sy karakter: Liefdevolle God, laat die Kerk opstaan, lewe en verkondig dat U haar uit die dood gered en al haar sondes vergewe het (**Jes.38:17**). Help haar om te weet en dit bekend te maak dat God die wêreld so liefgehad het dat Hy Sy enigste Seun gegee het sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê. God het nie Sy Seun na die wêreld toe gestuur om die wêreld te veroordeel nie, maar sodat die wêreld deur Hom gered kan word (**Joh.3:16-17**).

Verkondig Sy werke: Ons verkondig aan die aarde en sy bewoners dat ons, omdat ons glo, weet dat die wêreld deur die Woord van God geskep is; die sigbare dinge het dus nie ontstaan uit iets wat ons sien nie (**Heb.11:3**).
Pleit vir genade: Jesus Christus, wees genadig, verlos ons van ons vyande.

Gebedsfokus op kommunikasie: *Media Village*
Media Village is 'n bediening van *Youth With A Mission (YWAM)* en is die *College of Communication for the University of the Nations (U of N)*. Die afgelope tien jaar het hulle meer as 400 studente uit 40 nasies opgelei. Bid asseblief vir die leiers van vanjaar se *Discipleship Training School*, die onderverdeling van die grond vir *Media Village* se nuwe geriewe in Somerset-Wes. Bid ook vir die voltooiing van die *Global Day of Prayer* boek en vir 'n geskikte uitgewer. (*Media Village Africa*, tel.: 021 788 9296. Webruimte: www.mediavillage.info of e-pos: info@mediavillage.info).

Vrydag 27 Februarie 2009

Verhef U Naam: Jahweh-Eljon, ons verhef U Naam as die "Allerhoogste" oor die hele aarde (**Ps.7:18**). Mag alle mense bely dat U die "Allerhoogste" bo al hulle gode is.
Openbaar Sy karakter: Here, U ken alles van die begin af. Laat die Kerk opstaan, lewe, verkondig en vir seker weet dat God alles ten goede laat meewerk vir dié wat Hom liefhet, dié wat volgens Sy besluit geroep is. Want dié wat U lank tevore verkies het, het U ook bestem om gelykvormig te wees aan die beeld van Christus. In Hom word hulle geroep, vrygespreek en verheerlik (**Rom.8:28-30**).
Verkondig Sy werke: Ons verkondig aan die aarde en sy bewoners dat ons ons nie skaam oor die evangelie van Christus nie, want dit is 'n krag van God tot redding van elkeen wat glo, in die eerste plek die Jood, maar ook die nie-Jood. In die evangelie kom juis tot openbaring dat God mense van hulle sonde vryspreek enkel en alleen omdat hulle glo. Dit is soos daar geskrywe staan: "Elkeen wat deur God vrygespreek is omdat hy glo, sal lewe" (**Rom.1:16-17**).
Pleit vir genade: Jesus Christus, wees genadig, herstel ons as die sout van die aarde en die lig vir die wêreld.

Hoe om te bid terwyl jy besig is om uit te reik na diegene wat Christus nog nie ken nie

Wanneer ons na mense uitreik, as deel van 'n georganiseerde aksie of as ons gewoonweg met mense kontak maak in ons daaglikse lewe, is dit belangrik om doelgerig op God se hart vir hulle te fokus sodat ons vir hulle kan bid volgens God se wil. Hier volg 'n paar riglyne om jou op jou volgende uitreik te help of as die Here iemand op jou hart lê wat Hom nog nie persoonlik ken nie.

1. Bid vir mense by die naam en vra die Here om hulle fisiese, emosionele, intellektuele en geestelike behoeftes aan te raak – **Jak.2:16.**
2. Vra vir die Here om jou te wys hoe jy Sý liefde en hart aan hulle kan bewys – **1 Joh. 4:10-12.**
3. Bid dat die Here jou geleenthede sal gee om nie-Christene in jou sfeer van invloed te ontmoet – **Luk.19:10.**
4. Vra vir die Here om jou te help om vriendskappe met hulle te bou sodat jy hulle kan bereik – **1 Kor.9:22.**
5. Bid dat die Here jou sal wys hoe jy in sommige van hulle behoeftes kan voorsien - **Jes.61:1.**
6. Vra vir die Here vrymoedigheid en geleenthede om van Sy genade te getuig - **Kol.4:3, Hand.4:29.**
7. Vra vir die Here om hulle geestelike oë te open sodat hulle die waarheid oor Christus kan sien - **2 Kor.4:4.**
8. Vra die Here om hulle te bevry uit die vangstrikke van die duiwel – **2 Tim.2:26.**
9. Vra die Here om vir hulle ore te gee om te hoor, geloof om te glo en die wil om te doen - **Matt.13:15, Hand.20:21, Rom.10:9.**
10. Vra die Here om ook ander mense in hulle lewens te stuur om teenoor hulle te getuig – **Matt. 9:38.**

Kry hulle sover om oor die lewe na te dink
Wanneer jy besig is om vriendskapsverhoudings met hulle te bou, probeer om die volgende vrae te vra. Moet hulle nie dwing om te antwoord nie, bid gedurig dat die Heilige Gees sal voortgaan om met hulle te praat nadat jy weg is.

- Wie kan ek vertrou?
- Wat is die doel van my lewe?
- Wat gebeur wanneer ek doodgaan?
- Wanneer is ek waarlik vry?
- Waarom haat ek God en vlug van Hom af weg?
- Hoe kan ek my probleme hanteer?
- Wat beteken geluk vir my?

Saterdag 28 Februarie 2009

Verhef U Naam: Jahweh-Jireh, ons verhef U Naam as die "God wat sal voorsien" oor die hele aarde (**Gen.22:8-14**). Mag alle mense U leer ken as die "Een wat in al hulle behoeftes voorsien".
Openbaar Sy karakter: Betroubare God, laat die Kerk opstaan, lewe en verkondig dat God nie 'n mens is dat Hy sou lieg nie. Hy is nie 'n mens dat Hy van gedagte sou verander nie. Hy het nog nooit iets gesê en dit nie gedoen nie. Hy het nog nooit iets belowe en dit nie uitgevoer nie (**Num.23:19-20**). Mag die Kerk dit glo en verkondig dat dit waar is.
Verkondig Sy werke: Ons verkondig aan die aarde en sy bewoners: As die Here tevrede is met 'n mens se lewe, laat Hy selfs so 'n mens se vyande in vrede met hom lewe (**Spr.16:7**).
Pleit vir genade: Jesus Christus wees genadig, verwyder kritiek en veroordeling uit ons harte en van ons lippe.

Sondag 1 Maart 2009

Memoriseer
Leer my U pad, Here, ek wil wandel in U waarheid; leer my U met toewyding dien (**Ps.86:11**).

Verhef U Naam: El Gibbor, ons verhef U Naam as "Magtige God" oor die hele aarde (**Jes.9:6)**. Mag alle mense U mag bo alles vrees.
Openbaar Sy karakter: Barmhartige en genadige God, laat die Kerk opstaan, lewe en U verkondig as die Een wat lankmoedig en vol liefde is, en dat U nie met ons handel volgens ons sondes nie en ons nie vir ons ongeregtighede vergeld nie (**Ps.103:8-10**).
Verkondig Sy werke: Ons verkondig aan die aarde en sy bewoners: Kom tog, laat ons die saak met mekaar uitmaak, sê die Here: Al was julle skarlakenrooi van sonde, julle sal wit word soos sneeu. Al was julle purperrooi, julle sal wit word soos wol (**Jes.1:18**).
Pleit vir genade: Jesus Christus wees genadig, vergewe ons sonde, versag ons harte, vernuwe ons denke.

Maandag 2 Maart 2009

Gebedsfokus op redding: Bedelaars
Duisende mense in Suid-Afrika staan op straathoeke en bedel. Talle volwassenes gebruik kinders om namens hulle te bedel en vat dan hulle geld. Ander bedel op straat omdat hulle so 'n hoër inkomste verkry as wat 'n dagloon elders sou wees. Bid vir die redding van bedelaars, beide volwassenes en kinders. Vra dat hulle geleenthede sal kry om voltyds in diens geneem te word en dit sal aangryp. Bid dat hulle nie ander sal beroof nie, maar dat hulle lewens ten goede sal verander.

Wêreldgebedsweek teen armoede
Tearfund is 'n Christelike noodlenigings- en ontwikkelingsagentskap wat met 'n globale netwerk van plaaslike kerke werk om armoede te help uitroei. Hulle wil in die volgende tien jaar meehelp om 50 miljoen mense uit materiële en geestelike armoede te bevry deur middel van 'n wêreldwye netwerk van 100 000 plaaslike kerke. Die eerste naweek in Maart is die begin van 'n week lange gebedsgebeurtenis met die fokus op gebed vir deurbrake wêreldwyd. (Katy Lake, Enquiries Officer, Tearfund, 100 Church Road, Teddington, Middlesex, TW11 8QE. Webruimte: www.tearfund.org of e-pos: enquiry@tearfund.org). Kom ons bid saam tot God om 'n ommekeer te bewerkstellig vir die armes en behoeftiges regoor die wêreld. Roep steeds tot God dat alle mense die geleentheid sal kry om die evangelie van Jesus Christus te hoor en aan te neem.

Dinsdag 3 Maart 2009

***Highway Ministry* Gebedspatrollie**
Highway Ministry is 'n interdenominasionele bediening gerig op die padvervoer- en taxi-bedryf, sowel as alle ander padgebruikers. Dit is 'n nie-winsgewende organisasie met 'n missie om die Woord te verkondig aan en die liefde van Jesus Christus te laat posvat in die harte van alle padgebruikers. Bid dat hierdie inisiatief stewig gevestig en goed ondersteun sal word. Vra dat dit 'n instrument sal wees om ware transformasie in die harte en gedagtes van Suid-Afrikaanse padgebruikers teweeg te bring. Bid vir guns by ander rolspelers waar die organisasie poog om aansluiting te vind by bestaande programme soos *Arrive Alive* en hulle te versterk. (*Highway Ministry*. Tel.: 016 349 1996, faks: 086 502 8441. E-pos: highwaymin@lantic.net).

Gebedsfokus op hongersnood: Droogte bedreig ses miljoen kinders

Tot soveel as ses miljoen kinders onder die ouderdom van vyf jaar in Ethiopië woon in verarmde, droogtegeteisterde distrikte en benodig dringend die voortsetting van voorkomende gesondheidsorg en voeding. Ongeveer 126 000 kinders ly reeds aan ernstige wanvoeding en het dringend behandeling nodig. Die *World Food Programme* benodig $147 m vir die tekort van 183 000 metrieke ton voedsel wat nodig is om in die land se behoeftes te voorsien. (Webruimte: http://www.news24.com/News24/Africa/News/0,,2-11-1447_2325839,00.html). Roep tot die Here dat Hy vir Ethiopië en ander lande met soortgelyke probleme sal voorsien. Vra dat hulle ook geleenthede sal kry om die evangelie te hoor, en dat sowel hulle fisiese as geestelike hongersnood volkome uitgewis sal word.

Woensdag 4 Maart 2009

Prison Broadcasting Network

Nog ses vrywilligers het by die radiostasie aangesluit en het nou hulle opleiding voltooi. In 2008 was daar meer versoeke van oortreders dat die radiostasie in hulle selle aangeskakel moet word as ooit tevore. Dank die Here vir die verhoring van gebede soos hierdie. Bid asseblief dat hulle guns by die owerheid sal geniet om hierdie versoek toe te staan en dat dit binnekort implementeer sal word. (*Prison Broadcasting Network*, Posbus 281, Steenberg, 7947. Tel.: 021 701 0163 (ateljee), sel: 082 488 8345 (Marius). Webruimte: www.prisonbroadcast.org.za of e-pos: info@prisonbroadcast.org.za).

Die geheime oorlog van Irak se weduwees

Die Irakese huiswerker Um Haidar dra 'n swart serp as teken van rou nadat haar man, wat as assistent by 'n winkel gewerk het, twee jaar gelede doodgeskiet is. Amptelike syfers skat dat een uit elke ses vroue in die ouderdomsgroep 15-49 jaar weduwees is. Die ware stryd is om elke dag kos op die tafel te sit sonder die ondersteuning van 'n man. (Webruimte: http://iafrica.com/news/features/892536.htm). Roep steeds tot God vir die nood van vroue en kinders regoor die wêreld. Vra dat God sal ingryp in miljoene soortgelyke situasies en mense letterlik by Sy koninkryk sal intrek deur in hulle praktiese behoeftes te voorsien. Bid dat die kerk in die buurlande op praktiese maniere na weduwees en kinders sal uitreik.

Donderdag 5 Maart 2009

Gebedsfokus op gesondheid: Laagste lewensverwagting

Lewensverwagting is die gemiddelde aantal jare wat 'n pasgebore baba kan verwag om te leef as die huidige sterftekoers in aanmerking geneem word. Suid-Afrika beklee die tiende plek onder die tien lande met die laagste lewensverwagting in die wêreld, met 42,37 jaar. Swaziland, Botswana, Lesotho, Angola, Zambië, Zimbabwe, Mosambiek and Liberië beklee almal 'n hoër posisie as Suid-Afrika (*Top 10 of everything in the world,* 2008). Al hierdie lande is in Suidelike Afrika geleë. Roep tot die Here om eens en vir altyd die gety van dood aan die suidpunt van Afrika te laat draai. Bid dat die miljoene wat so jonk sterf, Christus sal vind.

Gebedsfokus op kinders: Webruimte teen kinderpornografie

Die *Film- en Publikasieraad (FBR)* het die *Pro-Child* webruimte bekend gestel wat daarop gerig is om kinderpornografie in Suid-Afrika te elimineer. Deur die Internet blitslyn verskaf die *Pro-Child* webruimte die geleentheid aan lede van die publiek om gevalle waar beelde van die seksuele misbruik van kinders op die Internet voorkom, aan te meld en bloot te lê. (Webruimte: http://www.sangonet.org.za/portal/index.php?option=com_content&task=view&id=9732&Itemid=1). Dank die Here vir inisiatiewe soos hierdie. Bid dat dit suksesvol sal wees, nie net met die aanmelding van gevalle nie, maar ook met die vastrek van pedofiele en kindermolesteerders in Suid-Afrika.

Kinders bid vir kinders

Hierdie week bid ons vir kinders wat probleme het omdat slegte dinge met hulle gebeur het. Elke keer wanneer ons bid vir 'n kind wat probleme het, kan ons ook vir die Here dankie sê dat Hy vir ons so baie gee en dat ons familie het wat vir ons lief is. Ons dink nie altyd so daaraan nie, maar ons het baie wat ander kinders nie het nie.

Maandag: **MIV/VIGS:** Suid-Afrika het die hoogste getal mense wat MIV/VIGS het. Dit beteken dat baie kinders MIV positief gebore word omdat hulle ouers VIGS het. Baie kinders word alleen in die wêreld agtergelaat wanneer albei ouers aan VIGS sterf. In baie gevalle is ander familielede ook siek en te ver heen om vir hulle te sorg. *Here Jesus, ek bid vir hierdie kinders, dat hulle nie alleen sal voel nie. Stuur asseblief iemand om vir hulle te sorg en elke dag vir hulle kos te gee. Help hulle om vir Jesus te leer ken.*

Dinsdag: **Nasorg:** Baie ouers werk deur die dag en los hulle kinders in dagsorg of naskoolsorg. Die mense wat in hierdie plekke vir kinders sorg is werklik wonderlik en spesiaal. Maar partykeer gebeur slegte dinge met kinders in hierdie plekke omdat sommige grootmense nie regtig lief is vir die kinders nie en lelike dinge aan hulle doen en vir hulle sê. *Here Jesus,*

ek bid vir kinders wat swaarkry omdat grootmense lelike dinge aan hulle doen en sê. Help asseblief dat hierdie slegte mense uitgevang sal word. Ek dank U vir die goeie mense wat kinders oppas en hulle orals in Suid-Afrika versorg.

Woensdag: **Armoede:** Baie ouers kan nie werk kry nie en kan dan nie vir hulle kinders kos koop nie. Dit gebeur soms dat kinders op straathoeke begin bedel vir geld, omdat hulle regtig iets moet hê om te eet. *Here Jesus, ek bid vir kinders wat nie elke dag genoeg kos het om te eet nie. Sal U asseblief wonderwerke vir elkeen doen sodat hulle kan weet dat U 'n goeie God is. Help asseblief hulle ouers om goeie werk te kry sodat hulle kos kan koop.*

Donderdag: **Ouers:** Baie kinders het nie ouers nie en bly by hulle grootouers. Ander kinders se ouers werk in 'n dorp ver van die huis af en sien hulle net af en toe. *Here Jesus, ek wil vir U dankie sê vir elke kind wat ouers het en wat by hulle kan bly. Help asseblief hierdie kinders om hulle ouers lief te hê en te respekteer. Troos ook die kinders wat nie ouers het nie of wat in weeshuise bly sodat hulle kan weet dat U 'n hemelse Vader is wat ook in hulle behoeftes hier op die aarde kan voorsien.*

Vrydag: **Sê dankie:** Terwyl ons vir die probleme van ander kinders gebid het, kom ons kyk 'n bietjie wat ons het in vergelyking met hulle. Vra iemand om 'n lysie te maak van dit wat jy het waarvoor jy vir die Here kan dankie sê. Sê ook dankie vir jou ouers of familie of voogde wat jou versorg. *Here Jesus, ek sê vir U dankie omdat U goed is en dat daar aan U liefde geen einde is nie (***1 Kron.16:34**). *Dankie dat U vir my wys hoeveel ek het waarvoor ek dankie kan sê.*

Tieners wat bid: Kry balans

Jongmense is uiters kwesbaar om onder groepsdruk betrokke te raak by skynbaar onskuldige dinge soos alkohol, dwelms, pornografie, geselskamers en baie meer. Al hierdie dinge lyk baie *cool* totdat 'n vriend sterf weens 'n oordosis of 'n vriendin verkrag en swanger word. Wil jy nie daaraan dink om vir ander tienderjariges te bid vir beskerming teen hierdie dinge nie?

1. **Godsdiens:** Die meerderheid tienderjariges en jong volwassenes in die meeste dele van die wêreld is volgens 'n lywige studie uit 21 lande, godsdienstig. Wêreldwyd sê nagenoeg 44% jong volwassenes hulle is diep godsdienstig (of selfs Christene). Slegs 13% stel nie in God of geloof oor die algemeen belang nie. (*Christian Post*, 15 Julie '08).

Here, ek bid dat U die harte en verstand van jong mense oor die wêreld sal aanraak om na U te draai en om radikale volgelinge en doeners van U Woord te word.

2. **Vetsug:** Tieners wat ontbyt eet gebruik meer kalorieë daagliks maar weeg minder as die wat die eerste maaltyd van die dag oorslaan. 'n Kind wat ontbyt oorslaan is geneig om vetter te word en is dus 'n groter kandidaat vir vetsug. Vetsug lei tot baie ander siektes. (Webruimte: http://www.iol.co.za/index.php?set_id=1&click_id=31&art_id=nw20080303181402244C183552&newslett=1&em=177813a1a20080304ah).

Here, ek bid vir jong mense om gevestig te raak in gesonde eetgewoontes, oefening en sosialisering. Help ons om te besef dat ons liggame 'n tempel van U Heilige Gees is en dat ons teen 'n prys gekoop is. Help ons om U te verheerlik in ons liggame en in ons gees wat aan U alleen behoort (**1 Kor.6:19**).

3. **Pornografie:** Ongeveer 81% van Suid-Afrikaanse kinders tussen die ouderdomme 13 en 17 het al na pornografiese materiaal op hulle vriende se selfone gekyk. Soveel soos 66% is aan pornografie blootgestel deur films en teen die tyd dat hulle 18 jaar oud is, het 64% na pornografie op die Internet gekyk. Ongeveer 45% van die kandidate het erken dat hulle gereeld na pornografiese films kyk. Meer seuns (84%) as dogters (54%) het ten minste al na een pornografiese film gekyk. (Webruimte: http://iafrica.com/news/sa/652453.htm).

*Here ons bid dat ons vriende die strik van verslawing van pornografie betyds sal raaksien. Help hulle om te verstaan dat dit op die lang duur uiters gevaarlik en skadelik vir die verstand en vir die gees is. As jong mense onderwerp ons ons aan U en staan ons die duiwel in U Naam teë. Leer ons om tot U te nader. Spoor ons generasie aan om ons hande te was en ons harte te reinig (***Jak.4:7-8**).

4. **Dwelms:** Groot hoeveelhede alkohol verlaag self-bewustheid en lei tot en bevorder dikwels onverantwoordelike gedrag. Wanneer hulle onder die invloed is, is tieners meer daartoe geneig om met dwelms en seks te eksperimenteer. Hulle is ook meer blootgestel om beroof, aangeval en verkrag te word. (Bron: *Medical Council crime, violence and injury lead programme report 2004).*

Here, ek bid vir beskerming oor tieners wat aan groepsdruk toegee en hulle waardigheid verloor. Help hulle om die gevare te besef en nee te sê vir dwelms en seks. Beskerm hulle teen roof, fisiese mishandeling, geweld en verkragting.

5. **Alkohol:** Fuiwery (*binge drinking*: om meer as 5 drankies binne 'n paar uur te neem) word 'n al groter probleem onder tieners. Dit veroorsaak o.a. alkoholvergiftiging en hoë bloeddruk. Dit mag ook hartversaking, beroerte of versmoring veroorsaak wanneer iemand flou word. Hospitale berig dat tienderjariges veral gedurende die Desember vakansies behandel word vir beserings omdat hulle alleen was of in ekstreme gevalle omdat hulle ouers of voogde self te dronk was om hulle te help. (Bron: *Medical Council crime, violence and injury lead programme report 2004).*

Here, ek bid vir ouers en voogde wat nie volgens U wil leef nie. Wys asseblief vir hulle die waarheid oor Jesus Christus. Ek roep uit na U vir tieners wat hulle voorbeeld volg of wat vir die pret drink en alkoholiste word. Help hulle asseblief om hulle verslawing te erken en ook dat hulle hulp nodig het. Laat hulle besef dat hulle 'n uitverkore volk is, 'n koninklike priesterdom, 'n nasie wat vir God afgesonder is, U eie spesiale eiendomsvolk wat U verlossingsdade moet verkondig omdat U hulle uit die duisternis geroep het na U wonderbare lig (**1 Pet.2:9**).

6. **Selfone, TV & rekenaarspeletjies:** As jy mal is oor jou stokperdjie, uitverkoop is daaraan en soveel tyd as moontlik daarvoor wil gebruik - kan dit 'n aangename leerskool vir jou wees, 'n tyd van kreatiwiteit en self-uitlewing. Maar by werklike patologiese verslawings het die skaal oorgeslaan. Die slegte weeg nou swaarder as die goeie en dit lei tot ernstige versteurings in 'n mens se vermoë om by die "werklike" lewe aan te pas. Vanuit 'n kliniese perspektief bekyk, kan hierdie patalogiese verslawings 'n poging wees om depressie en angs te beheer en dit mag diepliggende onsekerhede en gevoelens van innerlike leegheid reflekteer. (Webruimte: http://www.netaddiction.com).

Here, ek bid vir myself en ander tieners om die streep tussen die lekker van speletjies speel en verslawing raak te sien. Ek vra dat tieners hulleself doelbewus sal weerhou van te veel tyd spandeer aan speletjies op die Internet of televisie. Beskerm hulle ook teen kinderrowers in geselskamers (chat rooms), met die gebruik van MXit, ens. Help Christen tieners om te besef dat hulle saam met Christus uit die dood opgewek is en dat hulle moet strewe na die dinge daarbo waar Christus is, waar Hy aan die regterhand van God sit. Help hulle om hulle gedagtes op die dinge daarbo te sit, nie op die dinge wat op die aarde is nie (**Kol.3:1-2**).

(Suid-Afrikaanse hulplyne. Alkoholiste Anoniem, tel.: 0861 435 722, *Life Line*, tel.: 0861 322 322).

Hoe om te bid terwyl jy besig is om uit te reik na diegene wat Christus nog nie ken nie

Wanneer ons na mense uitreik, as deel van 'n georganiseerde aksie of as ons gewoonweg met mense kontak maak in ons daaglikse lewe, is dit belangrik om doelgerig op God se hart vir hulle te fokus sodat ons vir hulle kan bid volgens God se wil. Hier volg 'n paar riglyne om jou op jou volgende uitreik te help of as die Here iemand op jou hart lê wat Hom nog nie persoonlik ken nie.

1. Bid vir mense by die naam en vra die Here om hulle fisiese, emosionele, intellektuele en geestelike behoeftes aan te raak – **Jak.2:16.**
2. Vra vir die Here om jou te wys hoe jy Sý liefde en hart aan hulle kan bewys – **1 Joh. 4:10-12.**
3. Bid dat die Here jou geleenthede sal gee om nie-Christene in jou sfeer van invloed te ontmoet – **Luk.19:10.**
4. Vra vir die Here om jou te help om vriendskappe met hulle te bou sodat jy hulle kan bereik – **1 Kor.9:22.**
5. Bid dat die Here jou sal wys hoe jy in sommige van hulle behoeftes kan voorsien - **Jes.61:1.**
6. Vra vir die Here vrymoedigheid en geleenthede om van Sy genade te getuig - **Kol.4:3, Hand.4:29.**
7. Vra vir die Here om hulle geestelike oë te open sodat hulle die waarheid oor Christus kan sien - **2 Kor.4:4.**
8. Vra die Here om hulle te bevry uit die vangstrikke van die duiwel – **2 Tim.2:26.**
9. Vra die Here om vir hulle ore te gee om te hoor, geloof om te glo en die wil om te doen - **Matt.13:15, Hand.20:21, Rom.10:9.**
10. Vra die Here om ook ander mense in hulle lewens te stuur om teenoor hulle te getuig – **Matt. 9:38.**

Kry hulle sover om oor die lewe na te dink

Wanneer jy besig is om vriendskapsverhoudings met hulle te bou, probeer om die volgende vrae te vra. Moet hulle nie dwing om te antwoord nie, bid gedurig dat die Heilige Gees sal voortgaan om met hulle te praat nadat jy weg is.

- Wie kan ek vertrou?
- Wat is die doel van my lewe?
- Wat gebeur wanneer ek doodgaan?
- Wanneer is ek waarlik vry?
- Waarom haat ek God en vlug van Hom af weg?
- Hoe kan ek my probleme hanteer?
- Wat beteken geluk vir my?